STRATEGIE

1. VORIGE STRATEGIE

Die Noordelike Sinode het vroeër, soos ringe en gemeentes, met staande kommissies gefunksioneer. Vir *ad hoc*-sake is daar gewoonlik tydelike kommissies aangewys. Later jare het die benaming verander na diensrade.

Mettertyd het daar al hoe meer ongemak met hierdie werkswyse ontstaan, onder andere. a.g.v. die volgende:

- Die lede van hierdie kommissies/diensrade het selde gewissel en dus was dit dikwels so dat net uitgesoektes die geleentheid gekry het om op hierdie manier te dien;
- Kommissies/diensrade het meestal ‘n omnibus-opdrag gehad, bv. Jeug of Uitreik. Dikwels het dit tot gevolg gehad dat werk baie lank geneem het om af te handel. In terme van werksaamhede van die sinode, het dit beteken dat dit vier jaar neem of af te handel en indien die sinode dan nie heeltemal tevrede was met die uitkoms nie, is dit terugverwys na die kommissie. Sodoende het dit by tye selfs agt jaar geword voor die opdrag voltooi is.
- Die wiele van die kerk het baie stadig gedraai in vergelyking met dit wat lidmate in die gewone leef- en werkwêreld ervaar het. Die snelle ontwikkeling van tegnologie het die kontras tussen die kerk en die samelewing se tempo net nog groter gemaak. Die versugting na iets nuuts het dus geleidelik al hoe meer momentum gekry.

Hierdie groeiende ongemak het uiteindelik tot gevolg gehad dat die Noordelike Sinode ‘n geleidelike kultuurskuif sedert die sinodesitting van 2012 ondergaan het. By daardie sitting is die eerste besluite in hierdie verband geneem. In 2016 is die besluite herhaal en daarna is dit met doelgerigtheid geïmplimenteer. Sedertdien het daar besluite hieruit voortgevloei wat tot gevolg gehad het dat die nuwe strategie nog verder verfyn is.

2. HUIDIGE STRATEGIE

Die voorafgaande het daartoe gelei dat die Noordelike Sinode tans soos volg werk:

2.1. Taakspanne

2.1.1. Kommissies / diensrade is met taakspanne vervang. In ‘n sekere sin het dit beteken dat alle bestaande werk van die tafel af gehaal is en daar *de novo* begin is om te bepaal wat noodsaaklik is.

2.1.2. Dit beteken dat ‘n taakspan tans die volgende kenmerke vertoon:

- Taakspanne word deur die SDR aangewys en taakspanne doen ook aan die SDR verslag.
- Sodra ‘n taakspan se opdrag uitgevoer is, word die verslag onmiddelik aan gemeentes beskibaar gestel met die oog op implimentering.
- ‘n Taakspan word net in die lewe geroep as daar ‘n duidelike behoefte bestaan.
- ‘n Taakspan het ‘n enkelvoudige opdrag.
- ‘n Taakspan het ‘n begin- en ‘n einddatum. ‘n Taakspan se leeftyd kan wissel tussen drie en twaalf maande.
- Indien nodig, kan ‘n taakspan se einddatum aangeskuif word.
- Indien ‘n taakspan ‘n langer termyn opdrag het, bv, Induksie of Leraarontginning, dan word daar na twaalf maande weer ‘n taakspan aangewys met dieselfde opdrag. Taakspanlede het dan egter die geleentheid om te wissel.
- Die SDR wys taakspanleiers aan, gewoonlik op aanbeveling van die dagbestuur.
- Sodra daar ‘n taakspan en ‘n taakspanleier aangewys is, word mense in die Verskil genooi om as taakspanlede betrokke te raak.
- Die taakspanleier kan in oorleg met die Hoof Uitvoerende Beampte, ook mense nader om op die taakspan te dien. In hierdie geval word diversiteit belangrik geag: platteland/stad, geslag, ouderdom, ervaring, ens.
- Wanneer ‘n taakspan haar opdrag voltooi het, kan die SDR ‘n verdere opdrag voortvloeiend daaruit, vir die taakspan gee.
- Wanneer ‘n taakspan ‘n verdere opdrag kry, kan enige van die taakspanlede onttrek en ander persone kan as taakspanlede aansluit.

2.2. Dagbestuur

Voorheen was lede van die dagbestuur of te wel die moderatuur, die voorsitters van die diensrade. Elke moderatuurslid het dus ‘n portefeulje gehad. Dit het beteken dat die moderatuur soms uit tot twaalf mense bestaan het. Dit het selfs tot gevolg gehad dat die moderatuur behoefte gehad het aan ‘n klein dagbestuur van drie lede, binne die dagbestuur.

Met die nuwe bedeling van taakspanne is die moderatuur verklein tot sewe persone met ‘n duidelike leiersfunksie. Die moderatuur funksioneer dus as dagbestuur wat duidelike leiding gee aan die SDR, veral rakende dringende sake, strategiese denke en kontensieuse aangeleenthede. Die feit dat die moderatuur so klein is, maak dat daar meer dikwels vergader kan word indien daar dringende sake sou wees. Die klein getal bring ook ‘n soepelheid, wat maak dat die moderatuur haar vergaderings makliker kan skuif, om sodoende te verseker dat almal teenwoordig kan wees.

2.3 Sinodale Diensraad (SDR)

Die feit dat taakspanne by die SDR verslag doen, maak die rol van die SDR as besluitnemende liggaam tussen sinodesittings al hoe belangriker. SDR-lede se rol om te verseker dat hulle ringe volledig deel van die besluitneming is en dus ook eienaarskap aanvaar vir die leiding wat die SDR gee, maak dat die ringe se verantwoordelikheid om erns te maak met die nominasie van SDR-lede, al hoe gewigtiger.

Dit maak ook dat ringe en gemeentes hulle verteenwoordigers op die SDR verantwoordelik ("accountable") moet hou vir getroue bywoning, asook gereelde en volledige terugvoer na afloop van SDR-vergaderings.

2.4 Sinodesittings

Die feit dat verslagdoening in die nuwe bedeling by die SDR geskied, het tot gevolg gehad dat sinodesittings al hoe meer kon skuif van 'n verslagvergadering, na 'n visioneringsvergadering. Die sinodesittings het dus reeds in 2016 begin om die inhoud van die sitting rondom 'n tema te bou. In 2016 was dit, ***HOOP***, en in 2022, ***WYSHEID IN 'N TYD SOOS HIERDIE.***

Daarby het dit op 'n natuurlike manier so ontwikkel dat daar by sinodesittings al hoe minder besluite geneem word. Die fokus het geskuif van debat, na gesprek. Eergenoemde fokus op wen of verloor. Laasgenoemde fokus op begrip vir mekaar, ruimte en hande vat, soos dit in 'n familie hoort.

2.5 Bestuur

Hierdie kultuurskuif, waarvan die eerste spore reeds rondom 2010 lê, maar eers in 2012 in besluitneming vasgevat is, het die noodsaaklikheid van goeie bestuur en institusionele leierskap opnuut in die fokus geplaas. Dit het tot gevolg gehad dat die SDR by haar vergadering van Junie 2014, die aanvanklike besluit om nie weer 'n uitvoerende beampte aan te stel nadat Gerrit Cloete afgetree het nie, omgekeer het. Daar is naamlik toe besluit om 'n nuwe pos, met nuwe inhoud en 'n nuwe naam, te skep.

Die pos is in Februarie 2015 gevul met die bevestiging van Paul Grobler as *Direkteur van die Noordelike Sinode*. Dit het by 'n spesiale sinodesitting rakende die moontlike wysiging van Artikel 1 van die kerkorde geskied. Die

SDR het by haar vergadering van Junie vanjaar vir Rehan Rheeder as opvolger van Paul beroep. Die posbenaming is ook by die vergadering verander na *Hoof Uitvoerende Beampte* en Rehan sal by die komende sinodesitting bevestig word.